

Bladsy 4

**Sonkrag moontlikhede skyn
skerp**

Bladsy 8

**Kwantifiseer 'n groener
toekoms**

Bladsy 14

Oorlog teen armoede



Bladsy 6:

**Entrepreneurskap:
Oplossing vir SA se sosio-
ekonomiese probleme**



Inhoud

LOODSUITGAWE: 12/2019

04



**Suid-Afrikaanse
son skyn skerp
vir sonkrag**

06



**Entrepreneurskap
'n oplossing
vir SA se sosio-
ekonomiese
probleme**

08



**Kwantifisering
van 'n groener
toekoms vir
Suid-Afrika**

10



**Staatsafhanklikheid,
Eskom en
privatisering**

12



**Professionalisering
van
onderwysberoep
bied sleutel tot
leesprobleem**

14



**Duidelike
oorlogverklaring
teen
voorkombare
armoede**

Boodskap van die **Redakteur**

Tian Alberts

In die eerste uitgawe van die *Nova Mentis*-koerant het ek geskryf dat *Nova Mentis* die toekoms van nuwe idees en feite is, en dat ons gedeelde aanspreeklikheid sou bevorder, groei en ontwikkeling in plaas van transformasie en herverdeling sou benadruk en 'n gelyke aandeel vir almal in 'n ware nie-rassige staat sou verkondig. Daardie visie is vandag meer lewendig as ooit, en ons strewe na nuwe maniere om dit te bevorder, op 'n wyse wat met moderne tendense en realiteite tred hou.

Hierdie loodsuitgawe van ons nuwe tydskrif word eksklusief aan ons lojale ondersteuners, voornemende ondersteuners en raadgevers versprei. Ons sien daarna uit om terugvoer en kritiek te ontvang in die aanloop tot voorbereiding van ons eerste uitgawe wat in 2020 gepubliseer sal word. Die doel van die kwartaallikse *Nova Mentis*-tydskrif is om kreatief uitdrukking te gee aan die beste idees van ons jeugdige denkskrum, bestaande uit lede regoor die land. Die tydskrif sal inderdaad aangebied word as manifestasie van verstandige, oplossings-gebaseerde analises deur vooraanstaande jong denkers en akademici, en versprei word aan daardie individue en organisasies wat diskoers en beleid in Suid-Afrika beïnvloed. Ek nooi u uit om hierdie uitgawe met kollegas, vriende en ander te deel sonder om dit in die openbare domein te publiseer.

Ons glo dat hierdie projek geskik is om beleid en belangrike besluite te beïnvloed, en om diskoers in Suid-Afrika weg te lei van ideologie en politiek – veral identiteitspolitiek – af, na 'n toekomsgedrewe soeke na oplossings.

Ons glo derhalwe dat hierdie projek kritieke belang vir die toekoms inhou, en ons maak op u ondersteuning staat om hierdie projek te verbeter en te onderhou.

Die mislukkings wat ons rondom ons ervaar kan ongedaan gemaak word. Ons kan ons denke verander, ons besluite verander, ons koers verander en ons manier van dink oor die verlede en toekoms verander, en sodoende onself red. Of, ons kan stilweg berus te midde van die ideologiese, oplossingsvrye winde van vernietiging wat, indien geïgnoreer word, ons land sal vernietig. *Nova Mentis* kies die eersgenoemde. Ek hoop van harte dat u ons sal bystaan.



Redaksie

- ▶ **Hoofredakteur:** Tian Alberts
tian@nmonline.co.za
- ▶ **Besturende Redakteur:**
George van Dyk
- ▶ **Ontwerper:** Dejan Nikolic

Bestuur

- ▶ **Algemene bestuurder:**
Philip van Schalkwyk

Uitvoerende Bestuur

- ▶ **Voorsitter:** Tian Alberts
- ▶ **Tesourier:** Luam Schoeman
- ▶ **Sekretaris:** Wihan Marais



Hoop en voorspoed

Suid-Afrikaanse son skyn skerp vir sonkrag

George van Dyk

Dis geen geheim dat Suid-Afrika se nasionale kragstelsel in 'n uiters haglike toestand verkeer nie. Die omgewingsprobleme waarmee die mensdom as 'n geheel te kampe het, vererger net hierdie neerdrukkende dilemma. Gelukkig beteken die vindingryke werk en navorsing wat die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudie (SHVES) aan die Universiteit Stellenbosch (US) doen, dat die Afrika-son skerp skyn vir die toekoms van Suid-Afrika se hernubare energie.

'n Kwantitatiewe beskrywing van die bogenoemde

haglike situasie is dalk makliker om te verwoord, maar moeiliker om te hanteer. In hierdie uitgawe van Nova Mentis word spesifieke feite herhaal wat aandui dat Eskom se skuld las sowat R450 miljard beloop, terwyl dit vir 2018/2019 'n verlies van R20 miljard gely het.

Ondanks hierdie kommerwekkende syfers moes Eskom – 'n maatskappy wat van elektrisiteitsverkope en reddingsboei van regeringskant afhanklik is – die afgelope 10 jaar tariewe met 340% verhoog. Die sombere prentjie word verder vertroebel deur die konserwatiewe raming dat Suid-Afrika se energiebehoefte teen 2025 sal verdubbel. Elektriesiteit is 'n

integrale deel van enige ekonomie en Eskom se benarde situasie beteken die ekonomie groei teen 'n maksimum van 1,5%.

Soos dit tans daar uitsien, verteenwoordig hernubare energie ongeveer 6% van die Suid-Afrikaanse elektrisiteitsnetwerk. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) van 2013 stel 'n taamlik ambisieuse doelwit dat 20 000 megawatt (MW) elektrisiteit – 40% van die totale kapasiteit – van hernubare bronne soos wind- en

sonkrag kom. Meer spesifiek kan 1 MW elektrisiteit ongeveer 1 000 huise van krag voorsien (nog 'n konserwatiewe raming), en dus wil die NOP dat 20 miljoen huise deur hernubare energie bedien word. Volgens prof Sampson Mampheweli, direkteur van die SHVES en volle professor in prosesingenieurswese aan die US, is hierdie teiken sedertdien tot 32% aangepas, soos uiteengesit in die Geïntegreerde Hulpbronplan (GHP).

3X

Die hoeveelheid keer waarmee die sonbestralingsintensiteitvlakke van die Noord-Kaap dié van Europa oorskry.

Alhoewel hierdie ontsaglike taak onmoontlik lyk, kan Suid-Afrika moontlik die gestelde dringende teiken haal vanweë die land se meteorologiese geskiktheid wat sonkrag betref. Terwyl 'n streek se geskiktheid en die gevolglike uitvoerbaarheid ten opsigte van sonkrag 'n komplekse, meervoudige funksie omvat, is sonbestralingsintensiteit 'n

getekende sonbestralingsintensiteit-metings in Afrika.

Suid-Afrika se dringende behoefte om in sonkrag te belê, word bevestig deur groot ekonomieë soos Duitsland en China wat geesdriftig in sonkrag investeer terwyl hulle slegs 'n derde het van die sonbestralingsintensiteit waaroor Suid-Afrika beskik. In werklikheid het China en Duitsland sedert

treedersonkrag stelsels in die Noord-Kaap beskikbaar nie. Gekonsentreerde sonkrag (GSK) gebruik spieëls om lig op 'n enkele kleiner area te fokus, waar sonenergie in hitte-energie omgeskakel word om stoom te skep, wat uiteindelik 'n elektriese turbine aandryf vir die opwekking van elektrisiteit. Volgens die Nasionale Energiereguleerder van Sui-Af-

PV-selle klaarblyklik steeds die sonkragmark.


Gekonsentreerde sonkrag is 'n relatief nuwe tegnologie en die eerste GSK-aanleg het slegs 1 MW elektrisiteit gelewer toe dit in 1968 in bedryf gestel is. Verder vereis GSK voortdurend gunstige, onveranderlike toestande soos hoë sonbestralingsintensiteit vlakke, wat dit moeilik maak om te implementeer.

178%

Groei in kapasiteit van kombinasie van sonkrag en GSK, van 2014 tot 2018.

40%

Persentasie van die nasionale elektrisiteitsnetwerk se toevoer wat van die produksie van 20 000 MW se sonpanele (sowat 50-miljoen sonpanele) afgelei sal kan word.



besonder nuttige aanwyser in dié verband. Sonbestralingsintensiteit, gemeet in watt per vierkante meter (W/m²), verteenwoordig die elektromagnetiese straling wat van die Son ontvang word binne die golflengtebestek van 'n spesifieke meetinstrument.

Die Noord-Kaap in besonder is 'n potensiele goudmyn vir sonenergie, met sonbestralingsintensiteit metings wat van ongeveer 2,5 MWh/m² tot so hoog as 3,2 MWh/m² strek. In perspektief geplaas, is dit onder die hoogste op-

2017 onderskeidelik 130 200 en 42 339 MW sonkrag geïnstalleer, feitlik in geheel deur middel van fotovoltaïese selle (FV selle). Dink net wat Suid-Afrika met voldoende investering en gepaste bestuur kan doen. Duitsland se benadering is egter meer aggressief en die land se doelwitstelling wat die bydrae deur hernubare energie betref, is reeds vir so vroeg as 2030 op 50% van die bydrae deur hernubare energie gestel.

Dit is dus geensins verbasend nie dat die SHVES oor veelvuldige gekonsen-

rika (Nersa) groei Suid-Afrika se geïnstalleerde GSK-kapasiteit jaarliks met 100 MW – van 'n totale geïnstalleerde kapasiteit van 100 MW in 2015 tot altesaam 400 MW in 2018.

In die algemeen het Suid-Afrika se gekombineerde kapasiteit uit sonkrag, dit wil sê GSK én PV-selle (wat ligenergie direk in elektriese energie omskakel), van 1 063 MW in 2014 tot 2 959 MW in 2018 gegroei. Terwyl dit bemoedigend is dat 3 miljoen huise slegs van sonenergie afhanklik is, is Suid-Afrika relatief agter skedule. Holisties gesproke oorheers

Nietemin het kapitaaluitgawes aan GSK die afgelope vyf jaar met 50% gedaal en behoort dit verder te daal namate die tegnologie indringend nagevors en aangepas word.

Alhoewel geen land in die toekoms dieselfde samestelling van hernubare energie sal hê nie, is daar vir regerings en die breë samelewing geen keuse as om hernubare energiebronne te omarm nie. Gelukkig skyn die Suid-Afrikaanse son skerp vir die vooruitsigte op sonkrag, wat dringend nodig is in 'n land waar hoop en vooruitgang krities is.

Entrepreneurskap 'n oplossing vir SA se sosio-ekonomiese probleme

“'n Kritieke paradigmaskuif word benodig wat die staat se rol in ontwikkeling betref.”

Tariq Khan

Suid-Afrika se werkloosheidsyfer het in die tweede kwartaal van 2019 tot 29% gestyg – die hoogste syfer sedert die eerste kwartaal van 2008. Suid-Afrika sal nie daarin kan slaag om armoede te oorkom tensy beleidmakers 'n diepgaande, meer beduidende benadering tot die skep van ekonomiese geleenthede volg nie. Een kenmerk van hierdie benadering is dat dit entrepreneurs help om sukses te behaal deur rompslomp en veeleisende regulasies te verminder.

Alhoewel prominente Suid-Afrikaanse politici die staat as die belangrikste katalisator vir ekonomiese ontwikkeling beskou, wys navorsing deur die Wêreldbank dat 'n kritieke paradigmaskuif benodig word wat die staat se rol in ontwikkeling betref. Uit hierdie navorsing is daar bevind dat Nieu-Seeland, Singapoer, Denemarke, China en Suid-Korea die top vyf lande is wat dit maklik maak om 'n onderneming te begin. Suid-Afrika beklee die 82ste plek op die lys. Dit is opmerklik dat al die lande wat onder die top vyf val, werkloosheidskoerse



van onder 6% het. 'n Belangrike katalisator vir die skep van ekonomiese geleenthede is dus nie die staat nie, maar eerder 'n ekonomie wat vrye ondernemings verwelkom. Skynbaar is daar 'n verband tussen 'n land se vermoë om werkloosheid te bekamp en die gemak waarmee

'n onderneming daar begin kan word. Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfer bevestig dié verband. Kortom, miljoene Suid-Afrikaners is uitgesluit uit die ekonomie vanweë die probleme om 'n onderneming te begin.

Universiteite versuim om studente bewus te maak van

die rol wat vryemarkbeleide kan speel om die bevolking te bemagtig met betrekking tot die voorwaardes wat in die konteks geleenthede ontmoedig. Prakties gesproke kan Suid-Afrika op drie belangrike maniere toestande skep wat gunstig vir die bekamping van werkloosheid is.

Universiteite versuim om studente bewus te maak van die rol wat vryemarkbeleide kan speel om die bevolking te bemagtig met betrekking tot die voorwaardes wat in die konteks geleenthede ontmoedig. Prakties gesproke kan Suid-Afrika op drie belangrike maniere toestande skep wat gunstig vir die bekamping van werkloosheid is.

Drie praktiese maniere waarop toestande geskep kan word waarin werkloosheid bestry kan word.

AGOA

Eerstens moet Suid-Afrika 'n proaktiewe stap doen deur die Amerikaanse Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (Agoa) te gebruik. Hierdie wet is in 2000 aanvaar om ekonomiese samewerking tussen die Verenigde State en Afrika aan te moedig. Suid-Afrika besef nie die voordele wat aan die land kan toeval deur die volle gebruik van hierdie wet nie. Minister Ebrahim Patel het erken dat Afrika suid van die Sahara slegs 13% van die Agoa-tarieflyne gebruik. Indien hierdie tarieflyne behoorlik gebruik word, kan produkte belastingvry in die Amerikaanse mark verhandel.

KMMO's

Tweedens moet Suid-Afrika 'n omvangryke program opstel wat die sektor vir klein, medium en mikro ondernemings (KMMO's) hersien. Die Wêreldbank het in 1999 'n opname onder entrepreneurs in Gauteng gedoen om vas te stel wat hul uitdagings was in verhouding tot die doelwitte om in die mark te groei en meer werkers in diens te neem. Uit die opname is daar bevind dat heelwat entrepreneurs sukkel met toegang tot kapitaal, dat regering-skontrakte en verkrygings-telsels onvoldoende is, en dat die invloed van internasionale handel in die binnelandse KMMO-omgewing in Suid-Afrika beperk is. Laasgenoemde bevinding verbeter die begrip van die manier waarop Suid-Afrika onderpresteer in die benutting van internasionale handelsgeleenthede.

In terme van lande wat dit maklik maak om 'n onderneming te begin, beklee Suid-Afrika volgens die Wêreldbank se onlangste lys die 84ste plek op dié lys wat uit 190 ekonomieë bestaan. Suid-Afrika se posisie het verswak na 'n 84ste plek in 2019 vanaf 'n 82ste plek in 2018.

Bron: Wêreldbank

Lewensvatbaarheid

Laastens moet Suid-Afrika sorg dat dit gasvry en finansiële lewensvatbaar bly vir internasionale beleggers. Volgens navorsing wat deur Daron Acemoglu en James Robinson gedoen is, is 'n belangrike pilaar in floreren-

Korrelasie tussen die relatiewe gemak waarmee 'n onderneming in SA begin kan word, en die werkloosheidskoers



Die werkloosheidskoers in Suid-Afrika het toegeneem tot 29.1% in die derde kwartaal van 2019 — die hoogste vlak sedert die eerste kwartaal van 2008. Die werkloosheidskoers in Suid-Afrika was gemiddeld 25.77% van 2000 tot 2019, met 'n hoogtepunt van 31.20% in die eerste kwartaal van 2003 en 'n laagtepunt van 21.50% in die vierde kwartaal van 2008.


Bron: Wêreldbank

de ekonomieë regoor die wêreld 'n stelsel van privaat eiendomsreg. Die afgelope jaar speel die Suid-Afrikaanse regering met die land se vooruitsigte om armoede uit te wis deur planne vir onteiening sonder vergoeding.

Alhoewel Suid-Afrika hoë werkloosheidsvlakke in die gesig staar, is hierdie probleem nie onoorkombaar nie, maar dit blyk immuun te wees teen oplossings wat gewoonlik tot werkskepping lei. Deur die implementering van beleid wat die potensiaal kan ontsluit van individue met 'n lewendige belangstelling in entrepreneurskap, kan Suid-Afrika een van sy belangrikste sosio-ekonomiese struikelblokke oorbrug.



Kwantifisering van 'n groener toekoms vir Suid-Afrika




“Alhoewel aktivisme van hierdie aard moreel prysenswaardig is, is dit onwaarskynlik dat dit werklik konstruktief of volhoubaar is wanneer daar na die groter prentjie gekyk word.”

Tyren van der Spuy & George van Dyk

Ondanks effe flouerige ekonomiese groei kan Suid-Afrika steeds trots wees op 'n bruto binnelandse produk (BBP) van 376 miljoen Amerikaanse dollar in 2018, wat dit naas Nigerië die grootste ekonomie in Afrika maak. Dit is natuurlik gekoppel aan 'n hoë verbruiks- en produksievlak, wat weer groot druk op die omgewing en diegene wat hier woon, plaas.

Die enjin wat die land aandryf, is 'n goeie vertrekpunt. Soos vele ander ontwikkelende lande is Suid-Afrika besonder afhanklik van steenkool. Eskom se webtuiste dui aan dat hierdie bron tans vir 77% van die energieproduksie gebruik word. Dit het talle negatiewe gevolge vir die gesondheid van diegene wat in die omgewing van myne en kragopwekkingsaanlegte woon. Volgens 'n verslag deur dr Mike Holland oor die gesondheidsgevolge van steen-



2 MW

KRAG (DRYING) DEUR 'N TIPIESE WINDTURBINE OPGEWEK

Die tipiese windturbine voorsien sowat 2 MW krag, wat aan sowat 2000 huise krag kan voorsien.



#1 in Afrika

SONBESTRALINGSINTENSITEIT

Die Noord-Kaap is vir alle praktiese doeleindes die mees geskikte streek vir sonkragopwekking in Afrika. Magtige ekonomieë soos Duitsland en China het toegang tot slegs 'n derde van die helder sonbestralingsintensiteit wat Suid-Afrika van die son ontvang, en dit maak Suid-Afrika 'n goudmyn vir sonkrag.

2239

STERFTES PER JAAR AAN VERBRANDING VAN STEENKOOLOF TOEGESKRYF

2239 sterftes kan per jaar aan die verbranding van steenkool toegeskryf word.

> 1 miljoen ton

PLASTIEK
Meer as 1 miljoen ton se plastiek word jaarliks in Suid-Afrika weggegooi.

<5%

SKEIDING VAN ROMMEL

Minder as 5% van mense in Suid-Afrika skei hulle rommel op huishoudelike vlak.



4.2 miljoen ton

ALGEMENE ROMMEL

Volgens die verslag oor toestande rondom rommel in Suid-Afrika in 2018, produseer Suid-Afrika 4.2 miljoen ton se algemene rommel. Na beraming word 38.6% van hierdie rommel herwin.

Bron: Clean SA campaign op Property24

koolkragentrales in Suid-Afrika, kan 2 239 sterftes per jaar aan die verbranding van steenkool toegeskryf word.

Besoedeling deur kragopwekking, die mynbou, swaar nywerhede, dienste, en selfs die aktiwiteite wat Suid-Afrikaners op 'n individuele grondslag verrig, is 'n ernstige probleem. Dié probleem veroorsaak egter nie te dikwels onsteltenis onder die breë publiek nie, met die meer goeie lede van die same-

hul besoedeling te dink. Wat dalk selfs belangriker is, is dat sodanige persone waarskynlik nie die regering se beleid of sake-aktiwiteite bevraagteken wanneer dit tot besoedeling op 'n veel groter skaal lei nie.

Dit beteken egter nie dat Suid-Afrika holisties gesproke nie oor die omgewing besorg is nie. Die talle suksesvolle bewaringspogings is lofwaardig, veral wat die beskerming van inheemse flora en fauna betref.

ingeligte besluite oor omgewingsbewaring te neem nie.

Wat die privaatsektor betref, is dit maklik genoeg om simpatie te hê met plaaslike ondernemings wat, in 'n poging om kop bo water te hou, hul impak op die omgewing op die agtergrond skuif.

Aktivisme?

Die oorkoepelende filosofie wat omgewingsorganisasies op die oomblik gebruik, plaas druk op opvoedkundige instellings en politieke partye om pragmatiese beleide in te stel wat gerig is op die vermindering van afval en die verhoging van volhoubaarheid. Alhoewel daar nie as sodanig fout te vind is met aktivisme nie, en dit in der waarheid rede tot opgewondenheid bied (hierdie beskouing is geensins 'n aanval op die modus operandi van aktiviste nie), maak instellings en diegene in magposisies die toegewings waarskynlik alleen om aan eise te voldoen, dit is indien hulle inderdaad toegewings maak. Alhoewel aktivisme van hierdie aard moreel prysenswaardig is, is dit gevolglik onwaarskynlik dat dit werklik konstruktief of volhoubaar is wanneer daar na die groter prentjie gekyk word.

In stede hiervan behoort instansies en aktiviste op 'n verstandige wyse te fokus op die kwantifisering van afval en die omgewingsimpak van antropiese aktiwiteite. Dit beteken nie dat die gemelde partye dit nie reeds doen nie, maar eenvoudig dat dit nie goed genoeg gedoen word nie.

Kwantifiseer...

Dit is van kritiese belang dat sodanige kwantifisering in leketal oorgedra word: om die publiek in te lig dat 'n tipiese windturbine 2 MW krag lewer, is

slegs van belang as dit vergesel word van die wete dat dit krag aan sowat 2 000 huise voorsien. As mense die grondbeginsels van omgewingsbewaring en die konsepte daarvan, onder meer hernubare energie, beter begryp en hulle van die grondbeginsels daarvan vergewis, is dit waarskynlik dat hulle dit op 'n individuele vlak sal aanvaar en ondersteun, en sodoende die positiewe invloed van hierdie belangrike filosofie verstewig.

Suid-Afrika het eweneens 'n massiewe potensiaal vir hernubare energie, wat bemoedigend is gesien Eskom se oormatige afhanklikheid van steenkool. Alhoewel heelwat Suid-Afrikaners bewus is van hierdie beweging na hernubare energie, kan die reikwydte van die inligting ongetwyfeld uitgebrei word indien dit genoegsaam gekwantifiseer word.

Die Noord-Kaap het byvoorbeeld sonbestralingsintensiteitsvlakke van 3,2 MWh/m², wat min indruk op die gemiddelde Suid-Afrikaner maak. Om egter vir 'n Suid-Afrikaner te sê dat die Noord-Kaap vir alle praktiese doeleindes, in die groter konteks van Afrika, by uitstek vir sonkrag geskik is, sal die boodskap ongetwyfeld duideliker tuisbring. Verder kan (en behoort) Suid-Afrikaners ingelig word dat magtige ekonomieë soos Duitsland en China toegang het tot slegs 'n derde van die helder sonbestralingsintensiteit wat Suid-Afrika van die son ontvang, en dit maak Suid-Afrika 'n goudmyn vir sonkrag.

Dit is dalk makliker gesê as gedaan wanneer talle ander onderwerpe dringend aandag benodig. Tog is dit van die uiterste belang dat 'n mens bewus bly van die impak wat antropiese aktiwiteite op die wêreld het en dat Suid-Afrika die voorbeeld volg.

NEUTEDOP

Beter kwantifisering word vereis

Alhoewel daar nie as sodanig fout te vind is met aktivisme nie, is dit nie werklik konstruktief of volhoubaar wanneer daar na die groter prentjie gekyk word nie. Instansies en aktiviste moet fokus op beter kwantifisering van rommel en omgewingsimpakte van antropiese aktiwiteite. Suid-Afrika het belowende potensiaal om hernubare energie vanuit PV-sonkragfasiliteite te put. Die Noord-Kaap is 'n voorbeeld van 'n gebied met ongekende vlakke van sonbestralingsintensiteit en sonplase in hierdie gebied kan energie aan groot dele van die land voorsien.

lewing wat die grootste apatie toon, aangesien nie almal met die onmiddellike gevolge van besoedeling te kampe het nie.

Voorbeelde

'n Tasbare voorbeeld hiervan is rommelstrooiing, 'n alomteenwoordige gevolg van besoedeling wat gemeenskappe oor die algemeen omkrap. Die meeste individue is egter nie verder hieroor besorg wanneer die rommel êrens buite sig versamel en gestort word nie. Aan die ander kant is individue waarskynlik minder besorg oor besoedeling omdat hulle nie van die nadelige gevolge daarvan bewus is nie. In al twee scenario's is onkunde die vyand. Iemand sonder goeie skoolopleiding is minder geneig om aan die gevolge van

Ongelukkig is die oorheersende politieke retoriek nie werklik besorg oor hierdie kwessies nie. Hoe belangrik die bydraes met betrekking tot hierdie pogings ook al is, bestaan daar 'n oorweldigende gevoel dat dit ontoereikend is.

Dit is kwalik verbasend dat kwessies soos besoedeling en omgewingsagteruitgang nie heftig gedebatteer word wanneer ekonomiese, politieke, en verskeie ander krisisse die verhoog oorheers nie. Politieke leiers word nie aangespoor om die onderwerp aan te pak nie, aangesien aansprake soos werkskepping vir die publiek veel aantrekliker as plegtige ondernemings oor omgewingsopruiming is. Die openbareskolestelsel slaag ook nie daarin om leerders toe te rus met die gereedskap om

Staatsafhanklikheid, Eskom en privatisering

Paul Maritz

Daar word met reg op verskeie aanlyn-platforms na Suid-Afrika as die “proteshoofstad van die wêreld” verwys. Wie hier die meeste geraas maak kraai gewoonlik koning. Hierdie verskynsel bring verskeie probleme vir Suid-Afrika as politieke eenheid teweeg, waarvan die vernaamste onregeerbaarheid is. Afgesien van die probleme wat deur protesgedrewe toe-eiening van mag veroorsaak word, is hierdie benadering ook ‘n prominente simptoom van ‘n verlamme verskynsel waarna verwys sal word as “staatsafhanklikheid”. Staatsafhanklikheid word die orde van die dag wanneer ‘n land se burgers op uitdagings reageer deur die vinger na die staat te wys.

Die belangrikste manifestasie van staatsafhanklikheid presenter in die vorm van Eskom – ‘n de facto monopolistiese energievoorsiener in Suid-Afrika. Op 16 Oktober 2019 het Suid-Afrikaners, soos soveel maal in die verlede, verneem dat ons voortaan weer gyselaar gehou sal word deur Eskom se beurtkrag en sal moet toekyk hoe intensiewe pasiënte in hospitale met foutiewe kragopwekkers sterf en besighede en winkelsentrums vir ure op ‘n dag hul deure moet sluit. Dit

Die gemeenskap se goedkeuring behoort as primêre maatstaf ingereken te word en gereelde hersiening van tenders sal moet plaasvind. Met die regte onderhandelingsstrategie kyk ons dalk na ‘n Suid-Afrika waarin klein dorpie in die voorsienbare toekoms deur eksterne voorsieners met elektrisiteit voorsien word. Dorpie in woestynagtige gebiede met plase in die omtrek wat deur sonpanele bedek word en die hele dorp met elektrisiteit voorsien is nie te vergesog nie.



is natuurlik nie nodig om die gevolge wat beurtkrag vir die ekonomie en welstand van burgers inhou te verduidelik nie of om dit te veel onder die loep te neem nie. Ons behoort eerder die tyd te neem om oë te draai na lande wat daarin slaag om sonder onderbreking energie aan al hul burgers te voorsien en selfs op ‘n konsekwente basis ontwikkeling laat geskied met die oog daarop om oor te

skakel na volhoubare en hernubare bronne van energie.

Dit is in besonder die Duitse sisteem wat in ‘n Suid-Afrikaanse konteks oorweeg moet word. In Duitsland wek verskeie privaatmaatskappye op allerlei maniere elektrisiteit op en die verbruikers kan self kies van watter verskaffer se dienste hulle gebruik wil maak. ‘n Deel van die verbruiker se fooi word gekanaliseer na die oorhoofse

stelsel. Nodeloos om te sê is dat Duitsland nie met ‘n tekoort aan elektrisiteit worstel nie. Terwyl hierdie soos ‘n ideale oplossing klink vir Suid-Afrika met verskeie privaatspelers wat regstaan om die mark te betree, verkeer die land in ‘n ystergreep van staatsmag, wat staatsafhanklikheid versterk.

Voormalige Amerikaanse president Ronald Reagan het in 1986 gemeen dat “ek is van


die regering en ek is hier om te help” die mees vreesaanjaende woorde in die Engelse taal is. Suid-Afrikaners geniet geen keuse om die staat se perverse aanbidding van “hulp” van die hand te wys nie. Nee, hier is ons uitgelewer aan skamele hoop dat ondernemings in staatsbe-

die staat uitoefen en afpers in die geval waar die staat aflegging van oorbodige en onbevoegde personeel beoog.

Sentralisering lê by die kern van die probleem – die staat wil nie mag deel nie, en besighede en gemeenskappe bly afhanklik van die staat vir oplossings. Die

die provinsiale regering reeds dat hulle alternatiewe verskaffers sal toelaat om elektrisiteit aan die elektrisiteitsnetwerk te verkoop. Hoe meer van hierdie alternatiewe verskaffers na vore tree, hoe groter druk sal op nasionale terrein ontstaan om alternatiewe verskaffers in

onderhandeling sal daartoe aanleiding kan gee dat tenders vir kragvoorsiening deur eksterne verskaffers in hierdie dorpie uitgereik word. Die gemeenskap se goedkeuring behoort as primêre maatstaf ingereken te word en gereelde hersiening van tenders sal moet plaasvind.



sit – monopolieë op belangrike terreine – hul kant sal bring.

Staatsmag stel die samewerking en politieke wil van die regering as voorvereiste vir enige verandering ten opsigte van infrastruktuur. Die ontbonding van Eskom sou die tydelike verlies aan werk vir talle beteken aangesien Eskom volgens kenners met 300% oorbeerman is. Ons het tot by hierdie punt gekom omdat vakbonde hopeloos te veel mag geniet en op hul beurt ook mag op


hunkering na oplossings vanuit die geledere van die staat versterk die mag van die staat. Waarom sou die staat genoep voel om mag te deel wanneer landburgers telkens na hul draai vir oplossings?

Hoe nou gemaak? Die oplossing is te vinde in ekonomiese beginsels. Die gebrek aan kompetisie in ’n monopolie beteken dat tariewe in raadsale vasgestel word en nie natuurlik deur vraag en aanbod bepaal word nie. In die Wes-Kaap sein

die “mark” toe te laat. Privaatmaatskappye sal kragstasies kan aankoop, en die druk op Eskom om te privatiseer sal toeneem. Die werking van die mark, gereuleer deur ’n effektiewe kompetisiekommissie, sal daarin kan slaag om pryse so laag as moontlik te hou.

Die proses van alternatiewe energievoorsiening moet in klein dorpie en afgeleë gemeenskappe begin. Die staat het weinig belang in hierdie dorpie en gemeenskappe en goeie

Met die regte onderhandelingsstrategie kyk ons dalk na ’n Suid-Afrika waarin klein dorpie in die voorsienbare toekoms deur eksterne voorsieners met elektrisiteit voorsien word. Dorpie in woestynagtige gebiede met plase in die omtrek wat deur sonpanele bedek word en die hele dorp met elektrisiteit voorsien is nie te vergesog nie. Maar eers sal ons van die paradigma van staatsafhanklikheid ontslae moet raak.



Programme, begrotingshertoewysing en beleid wat dié beroep as 'n professie herdefinieer, moet hierdie maatreëls vergesel, asook gespesialiseerde akademiese grade wat dit vir onderwysers moontlik maak om ooreenkomstig 'n bygewerkte en meer gevorderde kurrikulum te floreer. Ons durf nie langer die empiriese bewyse ignoreer wat aandui dat die professionalisering van die onderwysberoep tot hoër produktiwiteit in skole sal lei en voornemende onderwysers deur hoër salarisse na die professie sal lok nie.

Professionalisering van onderwysberoep bied sleutel tot leesprobleem

Wihan Marais

Plaaslike en internasionale navorsing oor die Suid-Afrikaanse skolestelsel tipeer dit onder meer as onderpressterend, onderontwikkel en ongelyk. Die Suid-Afrikaanse regering spandeer sowat 15% van sy totale besteding aan onderwys, wat dit die grootste enkellyn-item op die begroting maak. Ondanks hierdie openbare belegging in die onderwys, lewer Suid-Afrika steeds leerders met relatief tot buitengewoon lae geletterdheids- en gesyferheidsvaardighede. In 'n neutedop: Suid-Afrikaners kry gewoon nie waarde vir hul geld wat die onderwys betref nie.

Die ongelykheid wat die bimodale onderwysstelsel in Suid-Afrika kenmerk, is verbasend selfs teen die agter-

grond van die onderontwikkelde onderwysvlak in die land. Die bimodale stelsel toon die massiewe gaping tussen goed funksionerende skole wat skoolgeld hef en onderpressterende skole wat geen skoolgeld hef nie. Ondanks bewyse van spesifieke stelselmatige verbeterings in die stelsel as 'n geheel, dui die prestasievlakke ten opsigte van geletterdheid en gesyferdheid in die land daarop dat die Suid-Afrikaanse skolestelsel sy leerders faal.

Die leesprobleem staan sentraal tot die leeruitkomste-ellende in die Suid-Afrikaanse skolestelsel. Kinders se leesvermoë is noodsaaklik vir hul toekomstige akademiese sukses. Kortom, 'n mens moet eers leer lees om te kan lees vir leerdoeleindes. Sonder hierdie deurslaggewende vaardigheid kan leerders nie die voordele

NEUTEDOP

Beleidsintervensies

Die oplossing van 'n probleem van hierdie omvang vereis dat al die sleutelspelers in die Suid-Afrikaanse skolestelsel die probleem moet erken en dat fundamentele beleidsintervensies daarop volg – in pas met onlangse studies wat die behoefte aandui dat leesontwikkeling in die vroeë grade geprioritiseer word en aanbeveel dat begripleesvermoë-ontwikkeling aan die einde van graad 3 as 'n sentrale fokus gestel word.

daarvan geniet om stelselmatig deur die skolestelsel te vorder terwyl hulle hul kurrikulum in elke vak deurwerk nie.

Studies toon dat leesuitkomste in die land tussen 2006 en 2011 verbeter het, maar tussen 2011 en 2016 gestagneer het. In 2016 het Spaull en Pretorius bevind dat 58% van Suid-Afrikaanse leerders aan die einde van graad 4 nie vir begrip kon lees nie. Dit is onrusbarend gegewe dat die land se kurrikulum gebaseer is

op die onbevestigde aanname dat leerlinge teen die einde van graad 3 sou moes leer lees het. Ongelukkig het Spaull en Pretorius later bevind dat leerders in 2019 steeds nie voldoende toegerus is om in enige taal, ingesluit hul huistale, te lees nie.

Hierdie resultate durf nie geïgnoreer word nie. Die oplossing van 'n probleem van hierdie omvang vereis dat al die sleutelspelers in die Suid-Afrikaanse skolestelsel die

Lees vir begrip?

Studies toon dat leesuitkomste in die land tussen 2006 en 2011 verbeter het, maar tussen 2011 en 2016 gestagneer het. In 2016 het Spaull en Pretorius bevind dat 58% van Suid-Afrikaanse leerders aan die einde van graad 4 nie vir begrip kon lees nie. Dit is onrusbarend gegewe dat die land se kurrikulum gebaseer is op die onbevestigde aanname dat leerlinge teen die einde van graad 3 sou moes leer lees het.



probleem moet erken en dat fundamentele beleidsintervensies daarop volg – in pas met onlangse studies wat die behoefte aandui dat leesontwikkeling in die vroeë grade geprioritiseer word en aanbeveel dat begrip leesvermoë ontwikkeling aan die einde van graad 3 as 'n sentrale fokus gestel word. Indien dit nie spoedig aangepak word nie, sal die meeste leerders nooit in staat wees om hul opvoedkundige vakinhoud volledig en sinvol deur te werk nie. Volgens die bestaande kurrikulum kry afgeskepte leerders nooit weer met leeslesse te doen nadat

hulle in graad 3 geslaag het nie – ongeag hul vermoë of onvermoë om sinvol te lees.

Dit is duidelik dat onderwysers, veral onderwysers in die vroeë grade, nie daarin kon slaag om leerders effektief te leer lees nie. Omdat lees onderrig word en nie aangeleer word nie, word leesontwikkeling sterk met die bevoegdheid van onderwysers geassosieer. Die oogmerk met verdere intervensies moet wees om die kapasiteit en monitoring van onderwysers te verbeter, en om vordering met die implementering van 'n nuwe kurrikulum

– wat die onderrig en die verdieping van leesvaardighede deurgaans beklemtoon – te monitor. Elke opleidingsprogram vir vroeëgrade-onderwysers moet die ontwikkeling en onderrig van vroeë geletterdheid beklemtoon.

Daar word aanbeveel dat die SA owerhede proaktiewe maatreëls vir die professionalisering van die onderwysberoep ondersoek, beplan en implementeer. Programme, begrotingshertoewysing en beleid wat dié beroep as 'n professie herdefinieer, moet hierdie maatreëls vergesel, asook gespesialiseerde akade-

miese grade wat dit vir onderwysers moontlik maak om ooreenkomstig 'n bygewerkte en meer gevorderde kurrikulum te floreer. Ons durf nie langer die empiriese bewyse ignoreer wat aandui dat die professionalisering van die onderwysberoep tot hoër produktiwiteit in skole sal lei en voornemende onderwysers deur hoër salarisse na die professie sal lok nie. Die erkenning van die probleem en die omskakeling van die kennis in beleid is noodsaaklik vir die aanpak van die leesprobleem wat die onderliggende rede vir die breër onderwyskrisis in Suid-Afrika is.

Duidelike oorlogverklaring teen voorkombare armoede

“Suid-Afrika se behoefte aan finansiële geletterdheidsopvoeding”

Philasande Shongwe

Miskien is dit tyd dat ons ernstige en indringende dialoog as 'n voorloper in die strewe na die waarheid beskou. Dalk is ons te besig om mense te


vertel wat hulle wil hoor, eerder as wat hulle móét hoor. Net soos 'n onderwyser soms die gebruiklike “hartlikheid” opsy moet skuif en 'n leerder moet dissiplineer om die weg na langtermyninsig en verantwoordelikheid te

vind, behoort die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel dieselfde te doen.

Die kwessie van persoonlike finansiële geletterdheid is van die allergrootste belang in die bekamping van voorkombare armoede.

Die veronderstelde verskille tussen “volwassenes” en “kinders” wat besluitneming oor geld betref, is nie so ooglopend as wat die meeste mense graag dink nie. In werklikheid kan die polariteit vaag wees, indien dit enigszins bestaan. Dink maar hoe kinders wat 'n kontanttoelae ontvang, soms gefikseer raak op hoeveel onmiddellike bevrediging hulle daaruit kan put. Ongelukkig groei hierdie toelae met die jare sonder dat die finansiële bewussyn met die jare dienoooreenkomstig verhelder.

Onlangse statistieke bied 'n insiggewende blik op die finansiële ingesteldheid van volwasse Suid-Afrikaners. Suid-Afrikaanse huishoudings spaar gemiddeld minder as 5% van hul besteebare inkomste. In 'n breër sin word slegs 16% van die jaarlikse BBP gespaar. Insgelyks het slegs 19% van Suid-Afrikaners 'n noodfonds wat hul tydens 'n werkloosheidsvenster van drie maande kan onderhou.



In die lig hiervan is dit eensins verrassend dat Suid-Afrikaners van die swakste spaarders ter wêreld is nie.

Om hierdie situasie te vererger, leen ongeveer 86% van die werksmag geld om hul leefstyl te kan handhaaf, terwyl 55% van die werksmag in 'n dolle gejaag van een salaristjek na die volgende deur die lewe snel.

Dit alles dui op 'n ontstellende hipotese dat die oor-grote meerderheid Suid-Afrikaners nie finansiële geletterdheid is nie en hul geld oorwegend vir onmiddellike bevrediging aanwend. Finansiële ongeletterdheid is nie uniek aan een enkele bevolkingsgroep nie en is holisties gesproke nadelig vir die samelewing.

Hierdie generasie geba-seerde vloek moet verbreek word. Dit is onaanvaarbaar dat ongeveer 40 000 geldskieters, wat lenings van gemiddeld net minder as R5 000 teen rentekoerse van 30% en selfs so belaglik hoog as 50% aanbied, finansiële kwesbare mense uitbuit.

Met inagneming van die bogenoemde probleme wat

Suid-Afrika in die gesig staar en die land se onregverdige verlede, wat dié kwessie net vererger, is dit duidelik dat die onus vir die onderrig van finansiële geletterdheid op iemand of iets geplaas moet

Finansiële geletterdheid kan deur middel van 'n verpligte vak in skole opgedwing word, met teoretiese en, veral, pragmatiese ondertone. Bestaande interaktiewe programme, soos

ite, benewens geldelike outonomie.

Die meeste Suid-Afrikaners sou hul in goeie bateprysgroei, belastingbesparings, 'n gerieflike aftrede, en appresiasie in eiendomspryse kon verlustig. Verdere onmiddellike en duidelik sigbare voordele sluit in volgehoue inflasiekoerse en die vermoë om tussen finansiële produkte te onderskei in 'n tydvak waarin daar oorvloedige opsies beskikbaar is.

Op die ou end is dit werklik ontstellend dat die Suid-Afrikaners wat die meeste by hierdie potensiele voordele sou kon baat, nie begryp wat dit werklik behels nie en nie weet hoe om persoonlik daaruit munt te slaan nie. Die oplossing op voetsoolvlak lê in die kreatiewe en interaktiewe onderrig van finansiële geletterdheid deur skoolprogramme van 'n jong ouderdom af. Dit hoef nie duur of onprakties te wees nie. Intendeel, die teenoorgestelde is waar, en die regering kan die program implementering aan buitengroepe uitbestee en selfs in die eer wat beter resultate meebring, deel.



word. Om die waarheid te sê, dit behoort 'n selfstandige vak in die nasionale skoolkurrikulum te wees. Ongelukkig het hierdie onus op ouers en die kinders self beland – wat 'n onwerkbare model is.

die BeSmarta-toepassing van digemy.com, behoort in die klaskamer omarm te word om hierdie skuiף te vergemaklik. Daar moet klem gelê word op die impak van individuele geldelike besl-



Die Feite

Ten minste een beduidende realiteit van onderontwikkeling in Suid-Afrika is dat van die 3.3 miljoen werklose jongmense, 'n klein hoeveelheid oor die nodige vaardighede beskik om deel te neem aan die vierde industriële revolusie wat deur robotika en kuber-fisiese stelsels gedryf word. Trouens, die meerderheid van hulle beskik nie eers oor die basiese syfer-, geletterdheids- en kritiese analitiese vaardighede om 'n matrieksertifikaat te behaal nie – allermens om van die opgehemelde 'gratis' tersiêre onderrig gebruik te maak. Die wortel van hierdie probleem lê by die verwaarloosde primêre onderrigsektor waar agt uit tien graad 4-leerders nie kan lees en skryf nie.

Die oplossings vir basiese onderwys

Tian Alberts

Werwyl dit klinkklaar behoort te wees dat Suid-Afrika ligjare agter is wanneer ontwikkeling op basiese onderwysvlak in oënskyn geneem word, is daar geen aanduiding dat die Nasionale Begroting se reuse toedeling aan basiese onderwys oogmerke ondersteun wat basiese onderwys sal kan hernu nie.

Verder het die ANC-regering se sosialistiese opvatting van transformasie – wat gelykheid van uitkomstes en simboliese oorwinnings nastreef (dit wen baie stemme) en langtermyn prosesse van hernuwing vanuit die staanspoor oor die hoof gesien het – ongelukkig afgewentel na 'n jeug wat nie sal weet waar om te begin om basiese onderwys te hernu ten einde werkloosheid en armoede te takel nie. Hierdie jeug, wat hoogs vatbaar vir die klanke van populisme is, stel daarbenewens nie eers belang in die stand van basiese onderwys nie. 'n Stortvloed politieke party-populisme, wat veral op universiteitskampusse gevoed word deur jongmense se kenmerkende behoefte aan onmiddellike bevrediging teen enige prys, wakker die sentiment aan dat dit toegang tot tersiêre onderrig is wat die jeug sal 'bevry'.

Dit sal nie.

Alhoewel politici en die media, soos met grondhervorming, tersiêre onderrig in 'n morele en emosionele kwessie omskep het, is die realiteit dat toegang tot tersiêre onderrig en onderwys in die algemeen nie 'n morele of emosionele kwessie is nie, maar eerder 'n ontwikkelingskwessie wat binne die raamwerk van algehele onderontwikkeling in

Suid-Afrika hanteer en verstaan moet word.

Ten minste een beduidende realiteit van onderontwikkeling in Suid-Afrika is dat van die 3.3 miljoen werklose jongmense, 'n klein hoeveelheid oor die nodige vaardighede beskik om deel te neem aan die vierde industriële revolusie wat deur robotika en kuber-fisiese stelsels gedryf word. Trouens, die meerderheid van hulle beskik nie eers oor die basiese syfer-, geletterdheids- en kritiese analitiese vaardighede om 'n matrieksertifikaat te behaal nie – allermens om van die opgehemelde 'gratis' tersiêre onderrig gebruik te maak. Die wortel van hierdie probleem lê by die verwaarloosde primêre onderrigsektor waar agt uit tien graad 4-leerders nie kan lees en skryf nie.

Suid-Afrika se onvermoë om die vierde industriële rev-

“ 80% van graad 4-leerders kan nie lees en skryf nie... ”

olusie aan te gryp en 80% van ons kinders te leer om te lees en skryf sodat hulle hulself en die mense om hulle ekonomies kan bemagtig sal ons land en sy jongmense onbepaald lamlê.

Maar as die jeug betyds die kennis, belangstelling en politieke wil kan ontwikkel om die hernuwing van basiese onderwys as volwaardige oogmerk te erken, sal die ideale van 'n beter Suid-Afrika verwesenlik kan word.

Die oogmerke wat die hernuwing van ons basiese onderwysstelsel sal ondersteun, is geletterdheidsprogramme vir voorskoolse- en grondslagfaseleerders op 'n ongekende skaal, betroubare en moderne vervoerstelsels vir skoliere, en hoë gehalte onderwyseropleiding wat gepaard gaan met beter monetêre insentiewe vir onderwysers om hulle werklik aan te spoor om te belê in die toekoms van kinders.

Geletterdheidsprogramme moet met 'n spesifieke fokus op moedertaalonderrig van stapel gestuur word. Die implementering van suksesvolle en lewensvatbare moedertaalonderrig gaan egter hand-aan-hand met die standaardisering van Afrika-tale. Grondslagfaseleerders wat Xhosa as Huistaal neem, sal vir jou vertel dat hulle in 'iJanuary' (i.p.v. EyoMqungu) verjaar. Die revolutionêre potensiaal van moedertaalonderrig wat in die langtermyn Suid-Afrika se ekonomie 'n broodnodige hupstoot kan gee, is nie te versmaai nie, en die standaardisering van Afrika-tale is daarom 'n ideaal waartoe akademië,

met die ondersteuning van hul instansies, hulself volkome sal moet wend.

Weens 'n gebrek aan befondsing, slegte beplanning en korrupsie van regeringskant moet die meerderheid Suid-Afrikaanse skoliere self 'n plan maak om hul pad skool toe te vind – in baie gevalle deur van onbetroubare minibusse gebruik te maak. Hierdie toedrag van sake, asook onmenslike toestande by skole, spoor leerlinge aan om eerder op straat te vertoef.

Moderne busstelsels vir skoliere soos dié in Amerika en Europa behoort 'n lewensvatbare oogmerk vir DA-geleide metropole Kaapstad, Johannesburg en Tshwane te wees. DA-regerings kan baanbrekers in hierdie opsig wees.

'n Reuse tekort aan leerkragte verhoed die Departement van Basiese Onderwys om van duisende ongekwalifiseerde onderwysers ontslae te raak.

Karige pensioenvooruitsigte en salarisse noop onderwysers om die beroep te verlaat en jaarliks kwalifiseer omtrent drie keer minder onderwysers as wat benodig word. Waar daar wel onderwysers is, handhaaf Suid-Afrika die hoogste koers van onderwyser-afwesigheid in die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) teen 'n gemiddeld van bykans twintig dae per onderwyser per jaar – bykans twee keer meer as die SAOG-gemiddeld.

Die staat sal eenvoudig beter monetêre insentiewe vir jongmense om gekwalifi-



seerde en toegewyde onderwysers te word, moet skep.

Al hierdie oogmerke wat die hernuwing en modernisering van basiese onderwys kan ondersteun, ter bevordering van Suid-Afrika se verenigbaarheid met die oogmerke van die vierde industriële revolusie en langtermyn ekonomiese groei, is ongelukkig ondergeskik aan die prerogatief van plaaslike en nasionale regerings. Indien ooit, kan dit jare neem om geïmplementeer te word en daar moet rekening gehou word met die verlamende effekte van korrupsie en leë beloftes.

Maar, as die reeds bemagtigde deel van die jeug sinelose, verdelende gevegte oor identiteit, onderdrukking en bevoorregting kan vervang met sinvolle gesprekke oor die moontlikhede van basiese onderwys, om die belangrikheid van die oogmerke onderliggend aan die hernuwing van basiese onderwys te verstaan en praktiese oplossings in werking kan stel om self hierdie oogmerke na te streef – dán streef ons ware, regeringsonafhanklike transformasie na.

In die gees van ware transformasie sal universiteite praktiese oplossings moet fasiliteer om in die agtergestelde hoeke van ons samelewing broodnodige beleggings te maak. Dit beteken dat hulle onder andere

groot skaalse programme op die been moet bring om hul studente by behoeftige skole af te laai om onderwysers te ondersteun. Afslag op studiefiole sal studente aanspoor om hieraan deel te neem, en hierdie afruiling sal universiteite in staat stel om die vraagstuk van onbekostigbare studentefiole direk aan te spreek – 'n klassieke wewen situasie.

Waardige oogmerke en praktiese oplossings rondom onderwys en opleiding wat Suid-Afrika kan red, sal egter 'n doodloop tref tensy dit losgelaat word in 'n kultuur wat gestalte gee aan John F. Kennedy se beroemde woorde: moenie vra wat jou land vir jou kan doen nie, maar vra eerder wat jy vir jou land kan doen.

Die bemagtigde jeug op kampusse, kolleges en in die korporatiewe wêreld kán merkwaardige dinge vir Suid-Afrika doen. Hulle kán belê in die geletterdheid, die syfervaardigheid, die kritiese denkvermoëns van die agt uit tien graad 4-leerders wat nie kan lees of skryf nie. As ons dít doen, oortref ons simboliek en bemagtig ons werklik. As ons dít nie doen nie, word ons land 'n onderontwikkelde vergetelheid aan die suidpunt van Afrika. Hierdie is moontlik die belangrikste paradigmaterskuiwing wat Suid-Afrika vandag kan maak.

Waarom tweetalig?

Vanaf simboliek na betekenisvolle meertaligheid



By Nova Mentis bied ons lesers 'n volledig tweetalige ervaring, omdat ons glo meertaligheid is van uitsonderlike belang vir die toekoms. Ons voorsien dat ons publikasies vorentoe in vele ander Suid-Afrikaanse tale uitgegee sal word.

Ofskoon meertaligheid 'n grondwetlike onderneming is, beklemtoon navorsing ook die belang van leer en lees in 'n mens se moedertaal. In sover as wat taal 'n belangrike kulturele komponent is, vorm dit ook die kern van opvoedkundige en ekonomiese ontwikkeling. Moedertaalonderrig – veral in die vroeë lewenstadiums tot en met tersiêre onderrig – verhoog die vooruitsigte op betekenisvolle opvoedkundige sukses, wat 'n ondernemender samelewing en sterker ekonomiese groei beteken.

Wat van die skaarsheid van hulpbronne, kan mens vra?

In teenstelling met die algemene beskouing is die duplisering van inhoud in veelvuldige tale nie duur nie en put dit nie ander bronne uit nie. Dit kan selfs die wins van jou maatskappy verhoog indien dit 'n maatskappy met winsoogmerk is (in teenstelling met Nova Mentis, wat 'n maatskappy sonder winsoogmerk is). By Nova Mentis moedig ons skrywers aan

om in hul moedertaal te skryf. Dit verseker beter formulering en inhoud van 'n hoër gehalte vir ons lesersgemeenskap. Ons stuur die inhoud na een van die vele ondernemings wat inhoud vertaal, en betaal om die inhoud te laat vertaal uit die brontaal (die taal waarin dit oorspronklik geskryf is), in dié geval Engels of Afrikaans. Die koste verbonde daaraan, asook die uitgawes verbonde aan bykomende bladsye wat vir die tydskrif gedruk moet word, behels minder as 10 % van ons produksiebegroting en word verhaal deur 'n toename in finansiële steun deur lesers wat nou kan kies om die inhoud in hul huistaal te lees. Klink goed, nê?

Wat is ons mening oor die feit dat Engels die de facto-amptelike taal van Suid-Afrika en die kommersiële taal van die wêreld is, terwyl Afrikaans 'n plaaslike taal is wat geleidelik van die kommersiële, regs- en opvoedkundige terrein, asook ander terreine verdwyn?

Die antwoord is eenvoudig dat sinvolle leer en lees in Afrikaans – of enige ander moedertaal behalwe Engels – nie volledige taalvaardigheid in Engels uitsluit nie. In werklikheid is daar bewys dat die leer en lees van vakinhoud

eerstens in die moedertaal, en daarna in Engels, nie net 'n beter uiteindelijke begrip van die Engels-vakinhoud moontlik maak nie, maar ook 'n dieperliggende kennismaking met die wese van die vakinhoud bevorder. In teenstelling hiermee, waar vakinhoud slegs in Engels aangeleer word (en die leerder nie 'n Engels-moedertaalspreker is nie), sal die insig in die vakinhoud waarskynlik meer oppervlakkig wees.

Tweetaligheid is nie dieselfde as meertaligheid nie. Waarom slegs Afrikaans en Engels?

Meertaligheid sluit as 't ware tweetaligheid in. Meertaligheid is eenvoudig 'n "hoër vorm" van tweetaligheid. Ons wil tweetaligheid eers behoorlik onder die knie kry, voor ons ander tale by die oefening insluit.

Die antwoord op "waarom tweetalig" is eenvoudig dat tweetaligheid, of meertaligheid (selfs beter), die slim ding is om te doen. Of jy nou 'n leerder, 'n onderneming, 'n organisasie sonder winsoogmerk, of 'n skool of universiteit is wat vir die vorming van generasies betekenisvol opgeleide burgers verantwoordelik is – vertrou ons met hierdie een!